**Handboekwerk:**

**Donderdag 30 April 2020**

## Voorsetsels, voegwoorde en telwoorde – Bladsy 58

Voegwoorde word gebruik om saamgestelde sinne te maak.

'n Vrou van die dorp Aberdeen
Sit stoksielalleen in die reën.
Toe krimp haar rooi rokkie,
haar kouse en frokkie
en ween sy vir ure aaneen.

**Taalfokus 4: Voorsetsels, voegwoorde en telwoorde**

**Voegwoorde** is woorde wat twee sinne met mekaar verbind, soos en, want en maar.

**Voorbeelde**

Ek is ongelukkig, want ek het natgereën.
Sy wil so graag buite speel, maar dit is te warm.

**Voorsetsels** is woorde wat aandui waar 'n voorwerp ten opsigte van 'n ander voorwerp is.

**Voorbeelde**

Die vrou bly op Aberdeen. Sy sit in die reën.
Ons loop onder die sambreel.

**Telwoorde** verwys na getalle of posisie.

**Voorbeelde**

Ek het vandag al drie blou sambrele gesien.
Dit is die tweede dag wat die wind so erg waai.




4. Skryf al die blou woorde neer. Sê of dit voorsetsels, voegwoorde of telwoorde is.
   a) Dit reën al ses dae lank.
   b) "Wat doen jy vandag?" vra Ansa vir Jan
   c) "Ons kan nie buite speel nie, want dit reën," sê hy
5. Lees die SMS en beantwoord die vrae:
   a) Maak 'n lys van die voegwoorde.
   b) Skryf 'n telwoord neer.
   c) Wat is die voorsetsel in die eerste sin?